| **VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!** | |
|---|---|
| **Sondag:** | Jakkie Botma, Danie Lombard,Wynand Möller, Petro Viljoen. |
| **Maandag**: | Vivien Adams, Frida du Toit, Stawie Fouché, Milané Roux, Leila Schreuder, Anja Wium. |
| **Dinsdag:** | Ewald Jansen van Rensburg, Bernard Oosthuizen, Kitty Rust. |
| **Woensdag:** | Ben de Wet, Ida Le Roux-Greeff, Des van Noordwyk. |
| **Donderdag:** | Melandi Möller, Pierre Terblanche, Heléne van Niekerk, William van Zyl. |
| **Vrydag:** | Rika Engelbrecht, Chris Esterhuyse, Carl Herrer, Charles Schoeman, Elmarie Smit, Dirk Taljaard, Liza van der Westhuizen. |
| **Saterdag:** | Sarha-Lize Brink, Burger Holz, Roelf Jansen, Thys Walters. |

**Carel van der Merwe - Beursfonds**

Ons gemeente beskik oor 'n klein beursfonds vir gemeente-kinders vir voorgraadse studies.

Aansoekvorms vir die beurs is by die kerkkantoor en op die webblad beskikbaar. Bewys van registrasie vir 2025 asook die nuutste uitslae en 'n kort motivering moet saam met die aansoekvorm by die kerkkantoor **ingehandig word voor/op *24 Februarie 2025*. ('n Evaluasie-proses sal hierna plaasvind.)**

**Gemeentekamp:**

**11-13 April 2025**

**R200 per persoon**

**Staanplekke & huisies beskikbaar**



Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 16 FEBRUARIE 2025**

## *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*

Vandag is die **sesde Sondag na Epifanie**

| | |
|---|---|
| 09:00: | HENNIE FOUCHÉ |
| SKRIFLESING: | JOHANNES 4:1 - 42 |
| TEMA: | GOD SE LIEFDE LAAT MY NUUT SIEN |

**Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.**

## 'n Spesiale uitnodiging aan elke gemeentelid:

*Op Sondag, 23 Februarie, neem ons afskeid van*

**Ds. Ewald Jansen van Rensburg.**

*Kom woon asseblief hierdie erediens by en kom kuier geselig saam na afloop van die diens in die kerksaal.*

*(Laat weet asb. die kerkkantoor indien dit vir jou moontlik sal wees om 'n bordjie eetgoed te voorsien.)*



**Leraars:** Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za

**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00

**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za

**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51

**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**

**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

**Vandag se deuroffer: Bejaardesorg (Blignaut Fonds)**

Die ***Blignaut fonds*** *vir Barmhartigheid aan Bejaardes,* een van die fondse waaroor ons gemeente beskik, se doel is om spesifiek finansiële hulp aan bejaardes in nood te bied. Die geld in hierdie fonds kom van skenkings en twee deuroffers per jaar. Die diensgroep vir Barmhartigheid besluit hoe mense gehelp kan word. Ons werk ook baie nou saam met ander instansies / verenigings wat spesifiek na bejaardes omsien en na hulle uitreik. Baie dankie aan mense wat tot hierdie fonds bydrae. Wees asseblief verseker daarvan dat jy hierdeur vir bejaarde mense hoop gee op 'n pad wat vir hulle uitsigloos gelyk het. Jy help om bekommerde gemoedere in glimlaggende gesigte te verander. Kontak gerus een van die dominees as jy weet van 'n bejaarde wat moontlik gehelp kan word.

**Volgende week se deuroffer: Instandhouding van geboue**

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag:** | 19:00 | Bybelstudie (Familiekamer) - Openbaring |
| **Woensdag:** | 08:45 | Bybelstudie (Familiekamer) - Ester |
| | 10:00 | Bybelstudie by Huis Vonke - Ester |

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het 'n spesiale aanbod op **Bybels in Xhosa (en ander tale) teen slegs R100 per Bybel.** Bestel gerus hierdie geskenk van liefde vir jou huishulp, tuinman of enigiemand met wie jy die Goeie nuus wil deel. Bestellings moet teen Vrydag, 21 Februarie, by die kerkkantoor geplaas word of stuur 'n e-pos aan Yolandi@nghottentotsholland.co.za

**BEPERKTE VOORRAAD BESKIKBAAR!**

**Mooiberge Bediening (Senior Lidmate)**

**Geleentheid om Bybelstudie te lei by Mount View.**

As jy kans sien om een maal per maand (op 'n Donderdag 10:00) by Mount View 'n kort boodskap / Bybelstudie te hou - kontak asseblief vir ds Hennie (0828595646) of die kerkkantoor

# Ons gaan weer braai -

## Amal wat gedurende die dag kan saamkuier



Almal vir wie dit moontlik is om op 'n weeksdag 'n braai kan bywoon, word uitgenooi om hierdie kuierdag op **Donderdag 27 Februarie 2025** by te woon. Ons kuier lekker in die gemeentesentrum se tuin, leer nuwe mense ken, kuier met diegene wat ons reeds ken en eet heerlike braaivleis en slaaie.

- Ons vra dat gemeentelede ons asseblief sal help deur slaaie te maak. Laat weet die kerkkantoor as jy 'n aartappelslaai, mengelslaai of wortelslaai kan maak.
- Laat weet asseblief die kerkkantoor as jy die funksie gaan bywoon - voor / op Woensdag 19 Februarie.
- Die koste is R80 per persoon.
- As jy dalk iemand wil borg, kan jy ook die geld by die kantoor inbetaal, of elektronies met die verwysing "Skrikkelbraai borg".
- Moet asseblief nie dat die geld jou weghou van hierdie kuier nie. Gee net jou naam - iemand gaan graag die kuier vir jou skenk.
- Al wat jy hoef saam te bring, is iets om te drink, 'n glas en dalk 'n stoel (as 'n kerkstoel te ongerieflik is) - die res word alles voorsien.

WIL JY GRAAG BETROKKE RAAK BY HUIS ANDREW MURRAY DEUR 'N VOOGOUER VIR 'N SEUN TE WEES?

Wat behels dit om 'n voogouer te wees:

- R1500 per jaar (dit dek die seun se sakgeld, verjaardaggeskenk en 'n koek op sy verjaardag)
- Bywoning, indien moontlik, van 3 geleenthede:
  Ma & kind-oggend, bederf-ete by die Spur en die jaareind Kerspartytjie

Kontak vir Estelle vir verdere inligting: 061 073 8820